**HILLCREST HIGH SCHOOL**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1**

**NOVEMBER 2022**

**EKSAMEN**

**GRAAD 11**

**PUNTE : 80**

**TYD: 2 UUR**

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye

**INSTRUKSIES EN INLIGTING.**

1. **Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.**

| | |
|---|---|
| **Afdeling A : Leesbegrip** | **(30)** |
| **Afdeling B : Opsomming** | **(10)** |
| **Afdeling C : Taal** | **(40)** |

2. **Lees die instruksies baie goed.**

3. **Beantwoord AL die vrae**

4. **Begin elke afdeling op 'n skoon bladsy.**

5. **Skryf jou onderwyseres se naam op die dekblad.**

   **Me. Jordaan, Middleton, Meiring, Haluman en Ramdhani**

6. **Nommer die antwoorde korrek volgens die nommers wat in hierdie vraestel gebruik is.**

7. **Spelling en sinskonstruksie is belangrik.**

8. **Skryf netjies en leesbaar.**

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL**

Lees die onderstaande artikel goed deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A**

STORIES VAN ...

**Themba Maluleke wou graag 'n verskil maak in die lewens van arm kinders.**

1. "Ek is die oudste van vier kinders en ons het almal by my ma gebly. Ons was baie arm en het in 'n klein *shack* gebly, maar ons was baie gelukkig. Sy het haar bes gedoen om na ons te kyk. Toe sy aan kanker oorlede is, moes ons in 'n *shelter* gaan bly. Dit was my taak om te kyk dat my boeties en sussies in die oggende skoon, aangetrek en betyds vir skool is. Ek het elke oggend uitgegaan en gebid vir krag om net nog deur dié dag te kom.

2. Terwyl ek besig was met my *gap*jaar, het ons na arm gemeenskappe in Suid-Afrika gereis. Ek het gesien dat die kinders sonder hoop leef, want waar kry jy hoop as jy niks het nie?

3. Hulle het ook nie iets wat hulle in die middae kan besig hou nie en ook niemand wat hulle met skoolwerk kan help nie. Sport- en kultuuraktiwiteite is ook baie min. Ek wou 'n verskil maak en hoop bring en 'n naskoolsentrum by 'n laerskool in Olievenhoutbosch begin. Hier wil ek mense leer droom en help dat hulle drome waar word."

**"Ek het 'n tweede kans op die lewe gekry."**

4. Die laaste ding wat jy wil hê, is om te hoor jy het een van Suid-Afrika se gevreesde siektes, MIV. Nokuthula Msimango het sewe kinders gehad om groot te maak. Haar man is ook dood en dit het hulle lewens deurmekaar gemaak. Sy moes toe alleen na almal kyk.

5. "Op 'n stadium het ek baie siek begin voel en die simptome het al hoe erger geword. My skoonsussie het gesê ek moet dokter toe gaan vir toetse. Sy was reg. Ek was MIV-positief. Dit was vir my 'n groot skok; ek kon dit nie aanvaar nie. Daar was dan nog so baie oor om voor te lewe. Ek het 'n opgeleide tuisversorger leer ken en sy het vir my gesê om antiretrovirale medikasie te gebruik. Ek het eers geweier omdat ek nie my status aanvaar het nie. Sy het nie moed opgegee nie en het my gereeld besoek. Ek het later besluit om haar raad te volg en medikasie by 'n hospitaal te kry.

6. Ek is deesdae perdfris en gesond en het besluit om myself te laat oplei as 'n tuisversorger sodat ek my liefde en geloof weer met ander kon deel wat dit nodig het. My kliënte is almal MIV-positief. Dit is lekker om te weet dat ek 'n verskil

in hulle lewens maak. Ek het ‘n tweede kans en nuwe lewe gekry en ek probeer om ander mense te help waar ek kan sodat hulle ook in hoop kan lewe.”

**As weeskind het Heinrich Gabler min hoop gehad vir ‘n toekoms.**

7. “Voordat my ma oorlede is, was die lewe swaar. Sy het heeltyd gewerk en my pa was die meeste van die tyd dronk. Ek was nege jaar oud toe ek by die kinderhuis gekom het. My ma is dood in ‘n motorongeluk en my pa het spoorloos verdwyn. Ons was vier kinders. Die een dag is jy nog deel van ‘n gesin en die volgende dag is julle uitmekaar. Mense het goed vir ons gesorg, maar my hart was stukkend. Dit was ‘n baie emosionele tyd.

8. Niemand wil in ‘n kinderhuis wees nie, maar dit is die beste wat jou stabiliteit in jou deurmekaar kop en wêreld gee.

9. Op skool het ek baie sport gedoen, soos atletiek, rugby en binnenshuise krieket en was lid van provinsiale spanne. Dit het my selfvertroue gebou en my gehelp droom oor die toekoms. Gedurende my studentejare wou ek ‘n professionele rugbyspeler word. Ek het toe begin om ‘n laerskool rugbyspan af te rig en ek was mal daaroor.

10. Vandag is ek ‘n onderwyser by Laerskool Hugenote. Dit is wonderlik om in die posisie te wees om ‘n verskil te maak in kinders se lewens, veral vir die kinderhuiskinders.”

11. Heinrich was een van die tien finaliste in die Mnr. Suid-Afrika 2018-kompetisie. Daar het hy die kans gehad om sy storie van hoop met ander mense te deel.

(Verwerk uit https://bit.ly/219hVRI:https://bit.ly/2Tcukdy:https://bit.ly/32HKBKt)

**LET WEL:**

- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1. Wat wou Themba Maluleke graag doen? Haal 8 opeenvolgende aan as antwoord.(1)

1.2. Waarin het Themba gewoon? (1)

1.3. Waaraan is Themba se ma oorlede? (1)

1.4. Themba het geen verantwoordelikheid (responsibility) in die *shelter* gehad nie.

Haal vier opeenvolgende woorde uit paragraaf 1 aan om hierdie stelling ONWAAR te maak. (1)

1.5.1. Wat het Themba in sy gapjaar gedoen? (1)

1.5.2. Wat het hy tydens sy reis besef ? (1)

1.6. Noem EEN praktiese manier hoe Themba die kinders wou help. (1)

1.7. Wat bedoel Nokuthula as sy sê dat haar lewe deurmekaar gemaak is? (1)

1.8.1. Wou Nokuthula antiretrovirale medikasie neem toe sy eers gediagnoseer is? (1)

1.8.2. Hoekom / hoekom nie? (1)

1.9. Hoekom moet Nokuthula se pasiënte haar glo as sy sê hulle moet medikasie gebruik? (1)

1.10. Wat beteken dit as mens sê Nokuthula het ‘n tweede kans in die lewe gekry? (1)

1.11. Gee TWEE redes hoekom Heinrich as jong seun nie hoop vir die toekoms gehad het nie. (2)

1.12. Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter (A-D) neer.

Terwyl Heinrich op skool was, het hy:

A. ‘n laerskoolrugbyspan afgerig.
B. as ‘n junior Springbok rugbyspeler gespeel.
C. baie sport gedoen.
D. aan depressie gely. (1)

1.13. Waar het Heinrich stabiliteit in sy lewe gekry? (1)

1.14. Haal VIER agtereenvolgende woorde uit paragraaf 9 aan wat sê dat Heinrich baie goed in sport was. (1)

1.15. Hoe weet ons dat Heinrich die afrigting van skoolsport geniet het? (1)

1.16. By watter geleentheid kon Heinrich sy storie met baie mense deel? (1)

1.17. Kies die korrekte beskrywing uit KOLOM B wat by die persoon in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommers neer.

| | **KOLOM A** | | **KOLOM B** |
|---|---|---|---|
| | | | |
| 1.17.1 | Themba | A | Kinderhuis |
| 1.17.2 | Nokuthula | B | Suid-Afrika |
| 1.17.3. | Heinrich | C | MIV-positief |
| | | D | Naskoolsentrum |

(3x1) (3)

1.18. Themba, Nokuthula en Heinrich se doel in die lewe is dieselfde.
Wat wil hulle doen? (1)

1.19. Voltooi die titel van hierdie tydskrifartikel.

**Begin so**: Stories van... (1)

(24)







Hugenote Laerskool
Huguenot Primary School



**TEKS B: PETROLPRYS**

Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.




| 2008 | | 2018 |
|---|---|---|
| R7,48 | Brandstofprys per liter | R16,02 |
| R448,71 | Koste van 'n 60 liter-tenk | R961,20 |
| R103,20 | Padongelukfonds plus heffings op 60 liter-tenk | R318,00 |
| R7,60 | Dollar/rand-wisselkoers | R13,54 |

*Vervoer, klein- en groothandelwins, pypleiding ens.

Grafika24

[Bron: Outa]

1.20. Wat was die petrolprys in 2008 sonder enige addisionele kostes? (1)

1.21. Watter addisionele koste het persentasiegewys in 10 jaar verdubbel? (1)

1.22. Noem die bron van die inligting in die grafiek. (1)

1.23. Kies die korrekte antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Die basiese petrolprys is persentasiegewys in 2018 (goedkoper/duurder) as in 2008. (1)

1.24. Hoeveel is die dollar in 2018 werd teenoor die rand? (1)

1.25. Watter kostes het persentasiegewys dieselfde gebly in 2008 en 2018? (1)

9670807

(6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**



**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

Alle ouers wil graag hê dat hulle kinders respekvol moet wees. Die artikel hieronder handel oor maniere hoe ouers dit vir hulle tieners kan aanleer. Maak ‘n opsomming daarvan.

**INSTRUKSIES**

1. Skryf SEWE wenke oor **HOE OUERS TIENERS RESPEK LEER** in jou EIE VOLSINNE neer.
2. Skryf die wenke puntsgewys in die regte volgorde neer.
3. Nommer die punte 1 tot 7.
4. Jou opsomming moet nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TEKS C**

**HOE LEER OUERS TIENERS RESPEK**

Almal hou daarvan om met respek behandel te word. Die meeste jong mense, beskik ongelukkig nie oor dié vaardighede nie. Hoe hanteer ouers hulle tieners?

Indien ouers kwaad raak, luister kinders glad nie na hulle ouers nie. Ouers moet daarom kalm bly en rustig met hul kind praat.

Indien jou kind onbeskof of astrant is, sê dadelik dat jy nie sal luister voor hy/sy ordentlik met jou praat nie.

Dis ook goed om die gedrag van die kind te beskryf, byvoorbeeld ek hoor jy is ongeduldig, of jou stem is te hard om respekvol te wees. Dit sal die kind laat dink hoe om sy stemtoon te verander en vriendeliker te maak.

Gebruik humor wanneer jou kind disrespek toon deur byvoorbeeld te vra: “Wat is die towerwoord?” Kinders is gewoonlik hierna vriendeliker.

Indien ‘n vraag nie met respek gevra word nie, moet ouers nie toegee aan dit wat die kind vra nie. Kinders moet leer om nie net te wil hê nie.

Dit is belangrik dat ouers hul kind met respek moet antwoord soos hulle self aangespreek wil word.

As mense kwaad is, help dit nie. Praat later met jou kind wanneer almal kalm is; daarom moet ouers hulle tyd fyn beplan, hulle kind verstaan en goed lees.

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksie by elke vraag uit.

(3.1.) **EET VIS**

**VIR 'n GESONDE**

(3.2) VIER HARTBEWUSMAKINGSMAAND
DEUR TE ONTDEK WATTER
GESONDHEIDSVOORDELE DIT VIR JOU HART
INHOU OM MEER VIS BY JOU DIEET IN TE SLUIT.

LUCKY STAR

Eet beter. Leer beter.

Lucky Star se sardyne en tuna bevat nie net baie proteïne en omega-3 vetsure nie, dit het ook die goedkeuring van die Hart- en Beroertestigting van (3.3.) SA, wat mense aanmoedig (3.4.) eet gesond en gesonde leefstyl te handhaaf.

- bevat minder versadigde vette.
- bevat minder cholestrol.
- help om (3.6. hartkwaal) te voorkom.
- verlaag jou bloeddruk.
- voorkom (3.7. bloedklont).
- beskerm jou are.

Besoek
Facebook/LuckyStarSA
ff luckystar.co.za
vir (3.8. smul + lekker) resepte

Verwerk en aangepas uit https://bit.ly/39f0ASN)

3.1. Kies die antwoord wat NIE KORREK IS NIE. Skryf net die vraagnommer en die letter (A-D) neer.

Die opskrif word in groot hoofletters geskryf omdat dit:

A. jou aandag trek.
B. die klem wil plaas op die voordele van vis.
C. sê dat vis goed vir jou hart is.
D. die advertensie persoonlik wil maak. (1)

3.2. Gebruik die HOMONIEM van vier in ‘n sin sodat die betekenis duidelik is. (1)

3.3. Skryf die AFKORTING tussen hakies voluit.

Dit het die goedkeuring van die Hartstigting van (SA). (1)

3.4. Skryf die korrekte INFINITIEF vir die deel tussen hakies.

Dit moedig mense aan (eet gesond). (1)

3.5. Hoekom is dit funksioneel om die ❤ te gebruik by die 6 voordele (advantages) wat genoem word? (1)

3.6. Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Dit help om (hartkwaal) te voorkom. (1)

3.7. Deel die woord tussen hakies in LETTERGREPE op.

Dit voorkom (bloedklonte). (1)

3.8. VERBIND die twee woorde tussen hakies.

Besoek Facebook vir (smul + lekker) resepte. (1)

3.9. Wat is die boodskap van hierdie advertensie? (1)

3.10. Skryf die volgende sin oor in die LYDENDE VORM.

Vis verlaag jou bloeddruk. (1)

(10)

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.




[Aangepas en vertaal uit https://www.brainpickings.org/2013/05/20/bill-watterson-1990-kenyon-speech/]

**VRAE:**

4.1. Skryf die volgende sin oor in die INDIREKTE REDE.

Timo sê: “Ek wag vir inspirasie.” (1)

4.2. Gee die VERKLEINWOORD van die woord tussen hakies.

Daar is ‘n baba (tier) in die dieretuin. (1)

4.3. Kies die KORREKTE SPELLING van die woord tussen hakies.

Timo se projek gaan (interesant / interessant) wees. (1)

4.4. Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.

Tiere, is soos alle katte, gedurende die nag baie (lewendig). (1)

4.5. Skryf die vraagsin neer. Die onderstreepte woorde is die antwoord.

Timo voel die aand voordat hy sy projek moet ingee <u>paniekerig.</u> (1)

4.6. Vul die korrekte VOORSETSEL in.

Tier is ______ ‘n goeie bui. (1)

4.7. *Timo lyk in raampie 3 rustig oor sy projek.*

Motiveer hoekom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

4.8. Skryf die volgende sin in die VERLEDE TYD oor.

Wat is daardie bui? (1)

4.9. Noem 1 manier hoe die woord PANIEK in raampie 3 beklemtoon word. (1)

4.10. Voltooi die VERGELYKING in die sin hieronder. Skryf net die woord neer.

Timo se onderwyseres gaan so kwaai soos ‘n __________ wees as hy nie sy projek inhandig nie. (1)

(10)

**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel (TEKS F) en die prent (TEKS G) hieronder gebaseer.
- Die nommering in die artikel verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksie by elke vraag uit.

5.1. Lees die artikel en beantwoord die vrae.

**TEKS F: ARTIKEL**

**MAKLIKER MET 'n MOEILIKE (5.1.1.) TIENERSEUN**

(5.1.2.) Om 'n goeie verhouding met tieners te hê was nog nooit maklik nie. Maar in hierdie tye waar alles toegelaat word, en met al die inligting, openlikheid en maklike verkryging van drank, dwelms, pornografie, noem maar op, raak dit moeiliker.

'n Pa kan baie doen om 'n sterk band met (5.1.3.) ... seun te bou. Wees positief en (5.1.4.) ... komplimente. Al lyk hy hoe sleg, soek iets wat mooi is. Meer positiewe as (5.1.5.)...komplimente sal verhoudings bou. (5.1.6.) Luister na jou seun. (5.1.7.) Vind uit wat jou seun dink. Julle sal mekaar beter verstaan.

Jou seun moet weet hy is belangrik vir jou. Spandeer naweke saam met hom en bring die (5.1.8.) mooi in hom uit. Maak vir hom koffie terwyl hy studeer. Die gevoel van belangstelling in jou seun gaan oor meer as om 'n huis te deel – dit gaan oor sy emosies en ideale. (5.1.9.) Al hierdie dinge kan hom gelukkig maak.

Dit is oukei as hy soms (5.1.10.) (anders/ander) optree. Aanvaar hom so. Sy emosies sal (5.1.11.) elke dag wipplank ry. (5.1.12.) Hy sal eendag goed grootword. (5.1.13.) Jou voorbeeld moet hom later in sy lewe beïnvloed.

(5.1.14) Dit is nog belangrik om 'n goeie rolmodel vir jou seun te wees.

5.1.1. Gee die VROULIKE vorm van tienerseun. (1)

5.1.2. Vul die korrekte PUNKTUASIE in.

om 'n goeie verhouding met tieners te hê was nog nooit maklik nie (1)

5.1.3. Vul die korrekte VOORNAAMWOORD in.

'n Pa kan baie doen om 'n sterk band met ... seun te bou. (1)

5.1.4. Vul die korrekte WERKWOORD in.

Wees positief en ... komplimente. (1)

5.1.5. Vul die korrekte ANTONIEM in.

Meer positiewe as ........... komplimente sal verhoudings bou. (1)

5.1.6. Skryf die sin oor in die ONTKENNENDE vorm.

Luister na jou seun! (1)

5.1.7. Verbind die sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Vind uit wat jou seun dink. Julle sal mekaar beter verstaan. (dan) (1)

5.1.8. Gee die OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies.

Spandeer naweke saam met hom en bring die (mooi) in hom uit. (1)

5.1.9. Skryf die volgende sin in die TOEKOMENDE tyd oor.

Al hierdie dinge kan hom gelukkig maak. (1)

5.1.10. Kies die KORREKTE woord tussen hakies.

Dit is oukei as hy soms (anders/ander) optree. (1)

5.1.11. Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

Sy emosies sal (elke dag) wipplank ry. (1)

5.1.12. Stel ‘n VRAAG sodat die onderstreepte deel die antwoord is.

Hy sal <u>eendag</u> goed groot word. (1)

5.1.13. Skryf die sin oor, begin soos AANGEDUI.

Jou voorbeeld moet hom later in sy lewe beïnvloed.

Jou voorbeeld behoort... (1)


5.1.14. Skryf die volgende sin in die ONTKENNENDE VORM oor.

Dit is nog belangrik om ‘n goeie rolmodel vir jou seun te wees. (1)

(14)

5.2. Kyk na die prent en beantwoord die vrae.

**TEKS G: PRENT**




[Uit: *Spots. New way, easy start.* 1992]

5.2.1. Kies die KORREKTE WOORD tussen hakies.

Die varkie se slaapkamer is (netjies/slordig). (1)

5.2.2. Skryf die nommer as ‘n WOORD neer.

Die kalender sê dat dit die **4de** Mei is. (1)

5.2.3. Skryf die sin in die korrekte WOORDORDE oor.

Die varkie / luister / in die bed / elke dag / na musiek. (1)

5.2.4. Gee die VERKLEININGSVORM van die woord tussen hakies.

Daar lê ‘n groot potlood en ‘n klein (potlood) by die boek. (1)

5.2.5. Skryf die vogende sin in die LYDENDE VORM oor.

Varkie het sy kamer die volgende dag opgeruim. (1)

5.2.6. Kies die korrekte BETREKLIKE VOORNAAMWOORD tussen hakies om die sin korrek te voltooi.

Hier sit die varkie (wie/wat) so morsig is. (1)

(6)

**TOTAAL AFDELING C: (40)**

**GROOTTOTAAL: (80)**